DEEL 113 | WEEK 38 | 23 SEPTEMBER 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# SKAPE MET MINIBUS GESTEEL



## *15 Dood en 39 lewendig*

Drie verdagtes is Donderdagoggend, 16 September 2021, afgeskrik nadat 'n veiligheidshek van 'n woning in die Heilbron distrik om 01:00 oopgebreek is. Pieter Baan het alarm gemaak en Heilbron Beheer gekontak om Plaaswag te aktiveer en die SAPD is ook gekontak. Die verdagtes het gevlug en verdere observasie is deur die aand gedoen.

Teen 03:00 die oggend is 'n minibus op die Vegkoppad opgemerk en in samewerking met die SAPD afgetrek. Die voertuig, met drie insittendes, is ondersoek en is daar 54 gesteelde skape in die bussie gevind. Twee van die verdagtes het ontsnap en 'n 27-jarige man vanaf Gauteng is in hegtenis geneem en aangekla vir veediefstal. Met verdere ondersoek is daar opgemerk dat 39 van die skape nog lewendig is, maar 15 was alreeds dood. Die skape is ongeveer R135 000 werd. Die eienaar kon nie dadelik opgespoor word nie omdat die diere nie getatoeëer is nie. Die tydverloop het die dood van die 15 skape in die beknopte spasie veroorsaak. Die eienaar is egter intussen opgespoor. 'n Beroep word gedoen dat mense hulle vee sal tatoeëer om identifikasie makliker te maak wanneer hierdie voorvalle plaasvind.

Groot waardering word getoon vir die vinnige optrede van de SAPD en Heilbron Beheer. Geen verband word vermoed tussen die inbraak en die gesteelde skape nie en word daar klem gelê op die belangrike rol van Plaasbeheer en hoe dit 'n plaasaanval voorkom het.










# OK Foods HEILBRON

**SLEGS GELDIG VANAF: 01 SEPT - 30 SEPT 2021**
Central Careline: 051 434 2251 or Email: info@okfd.com

OKFDtalks OK_Foods

**SLEGS TWEE VAN DIESELFDE ITEMS PER PERSOON PER DAG TOEGELAAT**

*Eienaars op wie jy kan staatmaak!*

**KOOPKRAG IS NOU BY AL ONS KASREGISTERS BESIKBAAR EN KAN BETAAL WORD MET KONTANT SOWEL AS DEBIET EN KREDIETKAARTE**

119 99 Olof Bergh Brandewyn 750ml ELK

249 99 Castle Lite Blikkies 24 x 500ml PER KAS

OK Liquor <18

# KOM SPAAR IN SEPTEMBER
## OP FAMILIE GUNSTELINGE

9 99 Albany, Blue Ribbon of Sasko Wit of Bruin Brood 700g ELK

19 99 Clover Laevet of Volroom Melk 2lt ELK

69 99 Ricoffy 750g ELK

14 99 Rama Margarien 500g Blik ELK

19 99 Golden Cloud Koekmeel 2,5kg ELK

49 99 Sunfoil Canola of Sonneblomolie 2lt ELK

24 99 Selati Bruinsuiker 2kg ELK

36 99 JJ Malan Boerdery Groot Eiers 30's Per Pak

39 99 Busta Mieliemeel 10kg ELK

39 99 Bokomo Weet-Bix Gesinspak 900g ELK

9 99 Colgate Standaard Tandepasta 100ml ELK

49 99 Omo Auto Waspoeier 2kg ELK

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT OK FOODS HEILBRON VANAF 12 SEPTEMBER 2021 OM 17:00 OP SONDAE SAL SLUIT.

# HEILBRON BOOGSKIET MIK HOOG

Die Heilbron Boogskietklub het Saterdag, 18 September 2021 aan 'n boogskiet kompetisie in Senekal deelgeneem, Leandri Bennink verwerf 'n goue medalje in die Female Youth klas en Carlo Swanepoel verower ook 'n goue medalje vir die Youth Male Release. Wolter Bennink (ondervoorsitter) kry tweede plek in Hunters Class en Stephan Swanepoel (voorsitter) brons in Hunters Class.

Op die foto is Carlo Swanepoel, Stephan Swanepoel, Wolter Bennink, Kayla de Lange, Fritz Weilbach, Edmund Els, Leandri Bennink en Rudolf van der Westhuizen.

Die nuut gestigte boogskietklub skiet elke Sondag en bestaan tans uit 13 lede. Vir enige navrae kontak Stephan 060 811 3705 of Wolter 074 650 7770.



# REWARD AND RECOGNITION PROGRAMME

The National Department of Health (NDoH) has worked to roll out various strategies to ensure the country manages the COVID-19 pandemic. This, while focussing on ensuring that facilities across the country continue to provide high-quality HIV services.

To help optimise performance and keep staff motivated, the NDoH launched the *Reward and Recognition Programme*. Not only is it meant to create a healthy dose of competition amongst health facility performance, but is also being used to entrench HIV service delivery by creating a link between HIV testing, linkage to and retention in care.


The Reward and Recognition Programme recognises the work of health facilities in various districts and across all nine provinces by calculating a quarterly score based on the composite indicator which was created to ensure that each facility, irrespective of size, has an equal opportunity to be recognized and rewarded. The composite score indicator uses five standard HIV programme indicators and these are:

- HIV positivity rate
- Linkage rate of HIV positive clients to treatment,
- Growth in Total Remaining on ART (TROA)
- Viral Load Done rate (VLD)
- Viral Load Suppressed rate (VLS).

The top ten performing facilities in each province over a full financial year will be rewarded with a monetary voucher. The voucher will be used to purchase items for the facility. The top-performing facilities in the province in a full quarter will also be recognised in the media through radio interviews and newspaper articles, ensuring that the communities they serve are aware of their achievements and know of the stellar quality of health facilities they have in their area.







# WEEK AGT-EN-DERTIG VAN 2021




Onthou julle vir meneer Smith? Dis mos die ene van wie ek laas week vertel het.

Iedergeval: toe ek die eerste dag by die skool aanmeld, word ek formeel na my klas begelei: die vier-klasse-in-een in die saal. Twee graad 4-klasse en die taalklas. En ek gee wiskunde. Sonder skoolbanke.

Op Universiteit het ons geleer van projektors en multimedia, maar daardie klas het toe net een piepklein swartbord gehad. Wat op 'n esel staan. En dan het ons mos net een stukkie bordkryt per dag gekry. Ek dink mevrou Smith was net te suinig. Het sy gedink ons gaan die goed opeet? Daardie jare het die kinders blykbaar geglo dat dit voorbehoedmiddels is. Verrassing, verrassing…

Ons eerste atletiekdag was op die oop stuk grond net onderkant die skool. Ek het dit al hier vertel, maar vir hersiening vertel ek dit gou weer: ons het die stukkie veld uitgemeet, en toe tree ons almal aan vir die naellope. Elke klassie mooi in 'n ry. Die meneer verduidelik wat die atlete moet doen wanneer die fluitjie blaas (geen geskietery nie, asseblief). Die onderwysers staan by die eindstreep.

Almal wag eers geduldig vir die troppie beeste wat wei-wei oor die atletiekbaan stap.

Almal verstaan wat moet gebeur en klassie 1 staan gereed. Die fluitjie blaas en die hele skool laat spaander na die onderwysers wat by die eindstreep staan. Presies soos die instruksies. Ons het net vergeet om te sê dat elke klas apart moet wegspring.

Die graad 4-klas het daardie dae "pattern sentences" gedoen. Ek is nie 'n taalonnie nie, maar ek is oortuig dat hierdie soort papegaai-leer vir die leerders van groot waarde was, want hulle het uitspraak, tenses, voorsetsels en voorvoegsels geleer en dit nooit eers agtergekom nie.

Die graad 4-klas se juffrou was dieselfde Linda-met-die-wit-klere van wie ek laas week vertel het. Die ander juffrou was Juffrou Barbara.

Die graad 4-klas se "pattern sentence" het gehandel oor Dot: sy staan vroeg in die oggend op, was haar gesig (goed om te weet), borsel haar tande (nog beter), eet ontbyt (begin van goeie gewoontes) en dan gaan sy skool toe. Die pattern sentence het so begin: "Early in the morning, Dot gets up. She washes her face. She brushes her teeth." So gaan Dot dan nou dag vir dag skool toe. Ook 'n goeie gewoonte.

In dieselfde tyd het die skool vir die eerste keer 'n atletiekbyeenkoms by 'n ander skool gaan bywoon. Ons huur 'n bus om die kindertjies na die ander skool te vervoer, en deel briewe uit dat ons vroeg-vroeg die volgende oggend gaan vertrek.

Tydens my wiskundeklasse hoor ek hoe die graad 4s langsaan die hele tyd vir juffrou Linda vra presies hoe laat die bus gaan vertrek. Later val juffrou Barbara se klas daarby in: hoe laat ry die bus more?

Juffrou Barbara vererg haar gruwelik en skree kliphard: "Early in the morning!"

Waarop die hele klas opspring en begin opsê: "Early in the morning, Dot gets up. She washes her face. She brushes her teeth."

Ek het buitekant gaan staan en lag.

Ek besluit dat vier klasse in die saal nie gaan werk nie, en gaan vra vir meneer Smith of ek asseblief, nes 'n regte juffrou, 'n regte klas kan kry. Ja, ja, ja, trippel die kort mannetjie rond, enige tyd. Die volgende oomblik het my klas so 800 meter vanaf die skool geskuif.

Daar was 'n ou sandsteenkerkie wat net Sondae gebruik is, en my klas skuif toe by die konsistorie in. Nog steeds met my esel-swartbord. Ek praat nou nie meer teen 70 ander stemme per periode nie, maar nou moet almal heen-en-weer oor die stofpad vanaf die skoolgebou na die kerkgebou.

Hierdie uitstappie hou ook nie lank nie. Meneer Smith trippel weer rond toe ek vir 'n regte klas vra.

Groot is my verrassing toe ek die volgende dag by die skool aankom: 'n regte armytent is in die vierkant opgeslaan, kompleet met banke en stoele, 'n groot tafel vir my en my getroue esel-swartbord. En een stukkie bordkryt.

Aanvanklik is dit effens beter, niemand hoef skoolgebou toe en terug te hardloop nie. Maar toe dit Juliemaand word, is dit snerpend koud in die Oos-Vrystaat. Meneer Smith weet dit nie, want hy het 'n verwarmertjie in sy knus kantoor.

Die Augustuswinde begin aan die tentpenne ruk, en die stofwolke staan soos 'n middernagdonkerte. Een oggend gee ek klas terwyl ek die grondseil probeer vashou. My netjiese kleertjies daarmee heen, stofstrepe oor my gesig.

Ek kyk op toe twee ek twee blink skoene langs my sien. Al wat ek kon uitkry is "ek is nou klaar hiermee, hoor jy!" Meneer Smith wou nog iets sê, maar beweeg toe al trippelend terug kantoor toe.

Die volgende dag trek ek in 'n klas in wat nog die hele tyd leeg staan. Almal het banke, daar is stoele, my groot tafel gaan saam. Ek moes hartseer afskeid neem van my esel-swartbord, want nou het ek drie groot swartborde en nog steeds net een stukkie bordkryt.

Die personeel is lekker vies vir meneer en mevrou Smith wat so suinig is. Hulle verwag van ons om pouses in hulle snoepie te werk. Mevrou Smith erken ruiterlik dat die geldjies uit die snoepie hulle vakansies finansier.

Die personeel slaan later vuis om in die snoepie te werk, want, het ons besluit, ons help nie met vakansiegeldjies nie. Wanneer jy die slag in die snoepie werk, neem jy nie pousekos saam skool toe nie. Jy werk immers sodat iemand anders kan gaan vakansie hou. Ons word knuppeldik aan snoepiekos: 'n crunchie hier, koeldrankie daar, af en toe is daar 'n pasteitjie (sonder 'n Rennie), ander kere 'n pakkie skyfies of twee.

En toe besluit mevrou Smith dat sy sommer van nou af self in die snoepie sal werk. Dit is immers haar vakansiegeld wat sy self gaan verdien. Want sy kan nie verstaan dat die snoepie nie wins toon nie? Ons ook nie.

Nou het ek 'n klas, ons kan almal pousetyd in die personeelkamer klets en ons eie broodjies eet, en almal is gelukkig.

Volgende week vertel ek verder.

# PANEEL 23




*Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy*

# GEBEURE BY SAAILAER

**■ Quarta Pretorius**

Op hierdie paneel word drie tonele by Saailaer enkele maande na die Slag van Bloedrivier voorgestel. Links op die agtergrond vertrek die mans op patrollie. Links voor is die vrouens besig met die boerdery. Terwyl die een vrou koring saai, is 'n ander vrou besig om 'n lap grond om te ploeg. Regs voor word die vroue se verdediging van die laer teen aanvallende Zoeloekrygers uitgebeeld. Volgens tydgenootlike bronne het die Zoeloes die Boesmansrivier probeer oorsteek om die laer aan te val. Aangesien die rivier in vloed was, het hulle aan mekaar vasgehou om nie deur die water meegesleur te word nie. Die vroue het op hierdie menslike ketting geskiet en die aanval sódanig belemmer dat die Zoeloes dit laat vaar het. Die beeldhouer se eggenote was die model vir die vrou heel regs, sy dogter Vera die model vir die vrou vyfde van regs en Alida Moerdyk, die argitek se skoondogter, die model vir die vrou derde van regs.

***Beeldhouer: Peter Kirchhoff***



# SKENK BLOED EN RED 'N LEWE

Word deel van 'n lewensgewende inisiatief #donor100 en skenk bloed in Heilbron.

SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk, Dinsdag 28 September 2021 by die NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 – 18:00.

Die gemeenskap van Heilbron word uitgedaag om 100 nuwe skenkers aan te moedig om bloed te skenk.

SANBS het tans 'n kritieke bloedtekort. SANBS doen 'n dringende beroep op alle skenkers, veral skenkers wat nie in die afgelope paar maande geskenk het nie, om asseblief die tyd te neem om bloed te skenk, asook op nuwe skenkers wat aan die minimum vereistes voldoen om 'n bloedskenker te word. Die jeug word ook aangemoedig om bloed te skenk.

Die minimum vereistes vir bloedskenkers is:

- Tussen die ouderdom van 16 en 75
- Weeg 50kg of meer
- Geniet goeie gesondheid
- Lei 'n veilige leefstyl

Bring jou familielid, kollega, sportsklub of groep vriende en skenk bloed in Heilbron. Jou bloed red lewens.

# SO LYK HEILBRON SE GETALLE NOU




Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 22 September 2021 en dui aan Ngwathe het 5438 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron op 1326 staan en is daar 5 positiewe gevalle bygevoeg sedert 15 September. Die hele Fezile Dabi distrik het 24 132 bevestigde gevalle aangekondig.

Dit is vandag dag 546 van die inperkingsperiode en die jongste getalle toon dat daar 2 869 201 bevestigde gevalle in Suid-Afrika reeds aangekondig is. Die dodetal staan tans op 85 469 en reeds 2 700 299 mense het van die virus herstel. Suid-Afrika is steeds die land met die 17de meeste Covid-19 positiewe gevalle in die wêreld.

Almal bo die ouderdom van 18 jaar kan die Covid-19-inenting kry. Vir mense van Heilbron is Tokollo hospitaal gedurende die week oop van 07:30-18:00. Sizabatu Clinic in Phiritona dien nou oor naweke as inentingssentrum op Saterdae van 08:00-15:00 en op Sondae van 08:00-13:00.

# KENNISGEWINGS

**AUCTION**

**SALE IN EXECUTION NOTICE**

IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA
FREE STATE DIVISION, BLOEMFONTEIN

**Case No.: 1707/2018**

*In the matter between:*
**NEDBANK LIMITED**
*Judgment / Execution Creditor*
and
**JAN ADRIAAN DAVEL**
*Judgment / Execution Debtor*
*ID NO.: 610309 5132 086*

In execution of a Judgment of the Free State High Court, Bloemfontein in the above-mentioned suite, a sale with set reserve price of R 425 000.00 is to take place at the office of the SHERIFF – REITZ, at 22 DE WET STREET, REITZ, FREE STATE PROVINCE on FRIDAY the 8TH day of OCTOBER 2021 at 11h00 of the undermentioned property of the Judgment / Execution Debtor on the conditions to be read out by the Auctioneer at the time of the sale and which conditions may be inspected at the office of the SHERIFF – REITZ, 22 DE WET STREET, REITZ, FREE STATE PROVINCE prior to the sale:
"ERF 717, REITZ (EXTENTION 6), DISTRICT REITZ, PROVINCE FREE STATE
IN EXTENT 1338 (ONE THOUSAND THREE HUNDRED AND THIRTY- EIGHT) SQUARE METRES
**AS HELD BY DEED OF TRANSFER NUMBER: T8702/2008".**
***A residential property zoned as such and consisting of:***
Bedrooms (3), Bathrooms (2), Kitchen (1), Scullery (1), Pantry (1), TV Room (1), Lounge (1), Office (1), Garages (3), Outside room with toilet, Brick walls,Tile roof, Not fenced
**SITUATED AT: NO.: 4, 2ND STREET, REITZ**
**TERMS:**
Ten percent (10%) of the purchase price and Auctioneer's charges being 6% of the first R100 000,00 or part thereof, 3,5% on R101 000.00 – R400 000.00 and 1.5% on the balance with a maximum of R40 000.00 plus Vat in cash on the day of the sale and a minimum of R3 000.00 plus VAT, the balance against transfer to be secured by a Bank or Building Society or other acceptable guarantee furnished within Twenty-One (21) days from date of sale.
**TAKE FURTHER NOTICE THAT:**
1. This is a Sale in Execution pursuant to a Judgment obtained in the above Court;
2. Rules of this Auction are available 24 hours foregoing the sale at the office of the Sheriff – Reitz, 22 De Wet Street, Reitz, Free State Province;
3. Registration as a buyer, subject to certain conditions, is required i.e:
   3.1. Directions of the Consumer Protection Act 68 of 2008. (URL http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961);
   3.2 Fica – legislation i.r.o. identity & address particulars;
   3.3 Payment of registration monies; and
   3.4. Registration conditions
4. The office of the Sheriff – Reitz, 22 De Wet Street, Reitz, Free State Province will conduct the sale with Mr WF Minnie.
5. Advertising costs at current publication tariffs & sale costs according to Court Rules will apply.

**ADVERTISER:**
**PAUL DE LANGE**
**ATTORNEY FOR JUDGMENT / EXECUTION CREDITOR**
**MATSEPES INCORPORATED**
**26/28 ALIWAL STREET**
**BLOEMFONTEIN**
**REF.: VDWESTHUIZEN/NED14/0096**
**TEL: (051) 448 3145**
**E-MAIL: hardus@matsepes.co.za**

---

FORM JJJ

**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for a certified copy of Deed of Transfer Number **T2044/2016** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **MPAI MONICA MONYANE, Identity Number 830302 0742 086** in respect of certain **ERF 5831 PHITIRONA EXTENSION 9, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 435 (FOUR HUNDRED AND THIRTY FIVE)** square meters which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
DATED at HEILBRON this 17th day of SEPTEMBER 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure:**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42 • HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

# JAARBEPLANNER

**OKTOBER 2021**
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)

**NOVEMBER 2021**
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

# BETREKKINGS

**HOËRSKOOL WILGERIVIER FRANKFORT**

Vakante Departementele Pos
*SENIOR KOSHUISMATRONE*
*VEREISTE KWALIFIKASIE:*
* *graad 12*

*AANBEVELINGS:*
* *menslike hulpbronne bestuur*
* *administratiewe voordighede*

Stuur volledige CV na:
(CV moet insluit: ID, Kwalifikasies & vorm Z83)
* e-pos: wilgeskool@lantic.net
* faks: 0866 595 407
* Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 30 September 2021

**Navrae : Mnr. H. Pelster (058-813-1010)**

**HOËRSKOOL WILGERIVIER FRANKFORT**

Hierdie uitmuntende, Afrikaansmedium skool beskik oor 1 Beheerliggaampos vir Afrikaanssprekende student.

Aanvangsdatum: 1 Januarie 2022

**AANBEVELINGS:**
**Buitemuurse aktiwiteite en sportafrigting**

Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:
* 'n Volledige CV
* Gewaarmerkte afskrifte van alle kwalifikasies
* Gewaarmerkte afskrifte van ID
* Getuigskrifte

Voornemende kandidate kan volledige CV:
* e-pos: wilgeskool@lantic.net
* faks: 0866 595 407
* Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 1 Oktober 2021

**Navrae : Mnr. H. Pelster (058-813-1010)**

Die **Heilbron Herald se fabriek** sluit die **16de Desember 2021** en heropen **DV 10 Januarie 2022**.

**Plaas asb. vroegtydig u bestelling vir drukwerk om teleurstelling te voorkom.**

Terug skool toe promosies binnekort ook beskikbaar.




# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
Muller Draaiwerke

**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL VAN SOJA- /MIELIERESTE**
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

***HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS***
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.*
Tel: 058 852 3033.

**HEILBRON HERALD**
**Elsstraat 44 Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

**BLOEDSKENK DATUMS**




**28 September**
**23 November**

**Winkelure**
**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE:**
08:30 - 13:00
Elsstraat 44 Heilbron
Tel: 058 852 3033

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

# OPEDAG BY HOËRSKOOL HEILBRON

Vrydag, 17 September 2021, was die graad R en graad 1 opedag by Hoërskool Heilbron. Wat 'n feestelike geleentheid! 'n Dag vol pret, speletjies en snoepie. Die ouers het ook 'n toer deur die klasse gehad om hulle onseker harte rustig te hou. Elke voornemende graad R en 1 maatjie weet dat Hoërskool Heilbron se grondslagfase juffrouens nie meer kan wag vir die nuwe jaar nie. “Ons sien uit om elke maatjie se skaduwee volgende jaar te wees.”











**ESKOM NOTICE**

Please note that the electricity supply to Heilbron will be interrupted due to maintenance at substation. The interruption has been scheduled as follow:
Date: Thursday, 14 October 2021
Time: 07h00 - 19h00
Please note: The electricity supply may be restored without warning at any time during the interruption therefore, all electrical installation must be treated as live and dangerous. The interruption is necessary for annual maintenance.




# BENUT DOOIE BATES

Dr Roy Jankielsohn LPW, Vrystaatse DA-leier, het Dinsdag 'n oorsigbesoek gebring aan die vervalle Mimosa-ontspanningsoord in Parys, eens 'n trekpleister vir vakansiegangers. Hy was vergesel deur Mariette Pittaway LPW, DA-hoof van die Helen Suzman kiesafdeling (wat Heilbron, Sasolburg en Parys insluit) en raadslid Carina Serfontein, Ngwathe se DA-koukusleier.

Die Mimosa was dekades lank 'n gewilde vakansie-oord, met sy Olimpiese swembad, 'n foefiekabel, waterglybaan, roei-en motorbote, 'n mini-trein, asook luukse en standaardgehalte vakansiehuise en rondawels. Duisende mense het dit oor naweke en tydens vakansies besoek. 'n Dekade gelede het die munisipaliteit egter, ten spyte van sterk teenstand deur opposisieraadslede, die ontwikkelaar se kontrak beëindig en self die oord begin administreer. Verwaarlosing het byna onmiddellik ingetree, en besoekers het vinnig afgeneem. Binne jare is sommige geboue geplunder, ander word deur plakkers bewoon, en die fasiliteite is tot niet.

In Mei vanjaar het die DA voorgestel dat Ngwathe sy talle onbenutte bates gebruik om werk te skep en munisipale inkomste te verhoog. Dis eenparig aanvaar.

“Maar intussen het niks nog begin gebeur nie, “sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel. Hy sê die Mimosa-tuin was voorheen 'n winsgewende sieraad vir Parys, maar is nou 'n kopseer. “Tog kan dit weer waardevol gebruik word. Hy verwys ook na Heilbron se ontspanningsruimte by die Eeufeesdam, asook die Koppiesdam, en talle ander verhuurbare munisipale sakepersele en huiseenhede. “In 'n DA-beheerde munisipaliteit sou sulke bates nie leegstaan en verval soos in Parys en elders nie, maar inkomste verdien en die dorpe bevorder.” Hy meen Ngwathe kort blink idees vir nuwe inisiatiewe. “Ons moet kenners daarvoor vra en veral plaaslike sakelui ook.”

Die DA het reeds aan belangegroepe geskryf en hulle insette uitgenooi. “Gelukkig bestaan daar entoesiastiese organisasies wat ons dorpe en gemeenskappe wil uitbou en bemark en bevorder,” sê DA-koukusleier Carina Serfontein aan Herald. “Ons het hulle idees aangevra, en gaan dit by ons eie voeg.”

# WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr. 24/9 | 10/29 | Sonnig |
| Sa. 25/9 | 13/33 | Sonnig, warm |
| So. 26/9 | 15/33 | Sonnig, warm |
| Ma. 27/9 | 16/32 | Sonnig, warm |
| Di. 28/9 | 15/32 | Sonnig, warm |
| Wo. 29/9 | 14/29 | Sonnig |
| Do. 30/9 | 13/28 | Sonnig |
| Vr. 1/10 | 13/27 | Sonnig |
| Sa. 2/10 | 12/26 | Sonnig |
| So. 3/10 | 11/28 | Sonnig |
| Ma. 4/10 | 12/28 | Gedeeltelik bewolk |
| Di. 5/10 | 14/28 | Gedeeltelik bewolk |
| Wo. 6/10 | 14/28 | Sonnig |
| Do. 7/10 | 14/29 | Bewolk |
| Vr. 8/10 | 14/28 | Bewolk |
| Sa. 9/10 | 12/28 | Sonnig |
| So. 10/10 | 9/28 | Sonnig |
| Ma. 11/10 | 10/25 | Sonnig |


Photos
TAKE 24 HRS
minimum
Heilbron Herald 058 852 3033
Dinepe
DINKA LETSATSI KAOFELA
pele o sethola


# RUITERKLUB PRETDAG

## 25 September 2021

Die Heilbron Ruiterklub nooi almal uit om die pretdag saam met ons te kom meemaak by die Skeerstoor Kroeg. Dit beloof om groot pret te wees vir die hele gesin. Rugby is beskikbaar op die grootskerm en 'n swembad vir die wat gou warm kry. Ons wil graag ons borge vir die geleentheid bedank vir hulle ondersteuning:

Eerstens Arno van Die Skeerstoor Kroeg en Donsveertjie Gasteplaas vir die beskikbaarstelling van hulle perseel.

Louis Kleynhans van Telwiedre Voere,

VKB Petrus Steyn, OK Petrus Steyn, Natalie van Reivilo Equestrian Club, BKB Heilbron & E. J Stainless vir pryse; en Ian & Hannetjie Enslin, Jeff & Nonna Roos & John Mentz vir kontant donasies.

En dan natuurlik wil ons ook dankie sê vir die Heilbron Herald vir die plasings en advertensies.

Kontak asb Amanda 082 775 7256 vir enige navrae en inskrywingsvorms.

Heilbron RUITERKLUB





Sonja se Gebak
Heerlike Tuisgebak!
071 886 5777 / 067 064 0933
Plein str. 43 | Heilbron


## 24 September - Erfenisdag


Winkelure



MAANDAE - DONDERDAE
07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Herald
Office National
SHOP NOW!
WHAT IS POPI ACT?
SPEAK TO US
058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za


# BETREKKINGS - BETREKKINGS

**HOËRSKOOL WILGERIVIER FRANKFORT**

Hierdie uitmuntende, Afrikaansmedium skool beskik oor die volgende pos:

Permanente Departementele
**Posvlak 1**
Afrikaans Huistaal : Graad 10 tot 12
Geografie : Graad 10 tot 11

Aanvangsdatum: 1 Januarie 2022

Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:

- Aansoekvorm (Z83).
- 'n Volledige CV.
- Gewaarmerkte afskrifte van alle kwalifikasies.
- Gewaarmerkte afskrifte van ID.
- Getuigskrifte.
- SACE-sertifikaat.

Stuur u CV na :
- e-pos: wilgeskool@lantic.net
- faks: 0866 595 407
- Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 1 Oktober 2021

**Navrae : Mnr. H. Pelster (058-813-1010) (skoolure)**

**HOËRSKOOL WILGERIVIER FRANKFORT**

Hierdie uitmuntende, Afrikaansmedium skool beskik oor 1 Beheerliggaampos:

Afrikaanse student vir Grondslagfase (Gr. 1-3)

Aanvangsdatum: 1 Januarie 2022

Aanbevelings:
1. Remediërende Onderrig.
2. Buitemuurse aktiwiteite en sportafrigting.

Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:

- 'n Volledige CV
- Gewaarmerkte afskrifte van alle kwalifikasies
- Gewaarmerkte afskrifte van ID
- Getuigskrifte

Voornemende kandidate kan volledige CV:
- e-pos: wilgeskool@lantic.net
- faks: 0866 595 407
- Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 1 Oktober 2021

**Navrae : Mnr. H. Pelster (058-813-1010)**

**NOTICE OF AN ENVIRONMENTAL AUTHORIZATION**

**NOTICE OF AN ENVIRONMENTAL AUTHORIZATION**
**(DESTEA REF NUMBER: EMB/12(ii)(a),19/21/03)**

**ENVIRONMENTAL AUTHORIZATION FOR THE PROPOSED CONSTRUCTION OF LOW LEVEL BRIDGE AND INTERNAL ACCESS ROAD; FREE STATE PROVINCE**

Notice is given in terms of Regulation 25 of the Environmental Impact Assessment Regulations of 2014, as published in GN No 733 of 2014 that the Department of Economic, Small Business Development, Tourism and Environmental Affairs (DESTEA) has decided to grant environmental authorization (EA) for Listed Activities associated with the proposed construction of Low Level Bridge and Internal Access Road (DESTEA ref: EMB/12(ii)(a),19/21/03). The Environmental Authorisation is dated 07 September 2021 (received on 10 September 2021).

A copy of the positive Environmental Authorization (EA), which contains the conditions of approval and reasons for the decision can be furnished on request (see contact details below). In short, the Department is satisfied that, subject to compliance with the conditions contained in the environmental authorisation, the authorized activities will not conflict with the general objectives of integrated environmental management laid down in Chapter 5 of the National Environmental Management Act, 1998 and that any potentially detrimental environmental impacts resulting from the authorized activity can be mitigated to acceptable levels.

**NOTICE OF APPEAL PROCESS**

In terms of Chapter 7 of the NEMA EIA Regulations, 2010, the National Appeal Regulations of 2014 (GN R. 993) and the National Appeal Amendment Regulations, 2015 (GN R. 205) any party who wishes to appeal against any aspect of the decision must lodge a Notice of Intention to Appeal with the Minister, within 20 days of the date of the decision, by means of one of the following methods:

Attention: Mr. Thabo Moloisi MEC (DESTEA)
By post: Private Bag X20801, Bloemfontein, 9300
Email: modisepm@destea.gov.za Tel: 051 400 4810

A copy of the Notice of Intention to Appeal must be submitted to the applicant.

Attention: Pezisa Ludidi
Telephone: 081 346 6667
Email: info@bonile.co.za
Reference: Low Level Bridge and Internal Access Road

BONILE

# BASF RYDERBEKER KOORS IS HOOG

Vanjaar is Heilbron spelers uitgehonger vir 'n wen en wil hulle die beker op Heilbron hou. Die week is verskeie spanlede op die baan opgemerk, hard aan die oefen en uit gesprekke is dit duidelik ons is nie hier om te verloor nie.

Saterdag was daar 'n mooi opkoms met uitstekende gholf wat deur die wenners gespeel is. Abrie Watson wen die dag met 41 punte. Willem Loots is ook uit die blokke, hy teken 40 punte aan vir 'n tweede plek. Arnold Saayman eindig derde met 39 punte en Willie Pretorius is vierde met 38 punte.

In die dubbel putjiespel is uitslae soos volg: Arnold en Pieter wen Vian en RJ asook vir Leonard en Niklaas. RJ en Vian wen op hulle beurt weer vir Leonard en Niklaas. Abrie en Edward wen vir Johan en Willie asook vir Willem en Ruan.

Die amptelike opening vir 2021 BASF Ryderbeker is Vrydag 09:00



*Op die foto Saterdag se wenners vl: Willie Pretorius, Arnold Saayman, Willem Loots en Abrie Watson.*

# HEILBRON Duiwenuus

Die wedvlugte was vanaf Richmond. Dit is die 3de week in 'n ry wat die duiwe 'n wind van voor gekry het en dit het hul spoed afgebring. Die 600km is in 9 ure en 56 minute afgelê teen 'n gemiddelde spoed van 60 km per uur. Duiwe se spoed op 'n normale stil dag is sowat 72 km per uur. Koos en Wilné Els het die een wedvlug gewen en Frik Viviers die ander een.

**RICHMOND 3**

1. Kobus & Wilné Els, 2. F Viviers, 3. Crause & Seun, 4. OJ's Hokke, 5. F Viviers, 6. F Viviers, 7. Zenith A, 8. Crause & Seun, 9. Crause & Seun,10. Zenith A.

**RICHMOND 4**

1. F Viviers, 2. Kobus & Wilné Els, 3. Zenith B, 4. F Viviers, 5. Crause & Seun, 6. Kobus & Wilne Els, 7. OJ's Hokke, 8. Zenith A, 9. Zenith A, 10. Zenith A.




**Die Heilbron Herald se winkel sluit die 22ste Desember en heropen DV 5 Januarie 2022.**

Bestel vroegtydig u kind se skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.
Kyk uit vir ons "Back to School"-promosie.

Herald Office National

**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**



WESSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 768 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
WESSENTRAAL JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT



RIEMLAND JAGTERSVERENIGING
OPE PRYSSKIET
SATERDAG - 2 OKTOBER 2021
GEWEER | PISTOOL | .22 | HAELGEWEER
Leeuwpoort Skietbaan
- R100 pp Inskrywingsgeld
- Groot geweer 9.3x62 en groter
- Spanverwant - 2 persone
- Gong-skiet
- Trofee-meting
- Groot pryse te wen!

Oor- en oogbeskerming en maskers is verpligtend. Covid-maatreëls is van toepassing.
Vir meer inligting kontak Ericka - 083 707 0779



Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
here for you.
Spend R350 or more before 23 September and stand a chance to WIN a Braai Hamper on Braai Day to the value of R700!!!
063 721 4950 087 527 0723



# BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 27 SEPTEMBER 2021**

ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**DINSDAG - 28 SEPTEMBER 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

VERKYKERSKOP Twee-weeklikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

BULTFONTEIN: DOLF & ESTIE DU BRUYN
SAVM PRODUKSIEVEILING
11:00, Ons S'n
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

**WOENSDAG - 29 SEPTEMBER 2021**

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

REITZ: MARTHINUS LOURENS
REUSE IMPLEMENTE UITVERKOPING
11:00, Lilian
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**DONDERDAG - 30 SEPTEMBER 2021**

FRANKFORT weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

VENTERSBURG: CD KLEYNHANS
(LK DOHNE STOETERY) Veiling
11:00, Erfplaas
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244

**VRYDAG - 1 OKTOBER 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**